

# **GRONDWET VAN DIE VERENIGING, SENDINGWERK ONDER DUITSSPREKENDES**

## **1. NAAM**

Die naam van die VERENIGING is VERNIGING VIR SENDINGWERK ONDER DUITSSPREKENDES

hieronder na verwys as "die VSOD".

## **2. DOELSTELLINGS**

2.1 Die VSOD stel hom ten doel om –

2.1.1 sendingwerk in Duitsland en die Duitssprekende wêreld (waaronder ook Oostenryk en Switserland en ander Duitssprekende gemeenskappe) te steun;

2.1.2 die opleiding van gereformeerde teologiese studente in Duitsland te ondersteun en te bevorder;

2.1.3 die publikasie van Duitse gereformeerde literatuur aan te moedig, te ondersteun en te bevorder.

2.1.4 Na goeie oordeel veral met die RTS – Reformatorisch-Theologisches Seminar maar ook met ander instellings en verenigings wat bogenoemde doen, saam te werk;

2.1.5 tot voordeel van Suid-Afrikaanse betrokkenheid by die RTS – Reformatorisch-Theologisches Seminar in die breë op te tree en

2.1.6 om in die algemeen sodanige handeling uit te voer as wat volgens die RTS – Reformatorisch-Theologisches Seminar nodig is om sy doelstellings te bevorder.

2.2 Die VSOD beoefen sy aktiwiteite in die Republiek van Suid-Afrika op 'n nie-winsgewende grondslag en op 'n wyse wat nie die ekonomiese eie-belang van enige persoon sal bevorder nie.

2.3 Die VSOD se hulpbronne, fondse en aktiwiteite moet ter bevordering van sy doelstellings en nie ter ondersteuning van enige politieke party of ander instellings aangewend word.

2.4 Enige bates van die VSOD moet tydens ontbinding aan 'n soortgelyke organisasie met dieselfde doelstellings oorgedra word.

## **3. LIDMAATSKAP**

### **3.1 Lede**

Die volgende kategorieë van persone of regspersone wat die doelstellings van die VSOD onderskryf, kwalifiseer vir lidmaatskap van die VSOD en kan as lede by die VSOD aansluit:

3.1.1 Individuele persone wat die reformatoriese belydenis, in die besonder die Drie Formuliere van Enigheid, onderskryf.

3.1.2 Kerke of genootskappe of ander regspersone wat die reformatoriese belydenis, in die besonder die Drie Formuliere van Enigheid, onderskryf.

### **3.2 Genote**

Persone en/of organisasies wat nie as lede kwalifiseer nie maar die doelstelling van die VSOD onderskryf en wil bydra tot die bevordering daarvan kan as Genote van die VSOD met die VSOD assosieer.

### **3.3 Weiering of beëindiging van lidmaatskap**

Die Bestuur het die bevoegdheid om enigeen, hetsy 'n individu of 'n firma of 'n ander regspersoon lidmaatskap van die VSOD te weier of te beëindig indien daar grondige rede vir die verdenking bestaan dat so 'n individu of regspersoon nie die doelstellings van die VSOD onderskryf nie of die bedrywighede van die VSOD mag ontwig of tot die nadeel van die VSOD wil optree. Alle gevalle van weiering en/of kansellasië van lidmaatskap deur die Bestuur word by die eersvolgende jaarvergadering van die VSOD met opgaaf van redes bekend gemaak.

### 3.4 Erelede

3.4.1 Die Bestuur kan erelede van die VSOD benoem.

3.4.2 Erelede kom uit die geleedere van persone wat hulle onderskei het en 'n besondere bydrae gelewer het ter bevordering van die reformatoriese belydenis en wat die doelstelling van die VSOD ondersteun. Enige lid van die VSOD kan 'n geskikte persoon as erelid nomineer.

## 4. LIDMAATSKAPSFOOIE

4.1 'n Jaarlikse lidmaatskapsfooi, soos van tyd tot tyd deur die Bestuur bepaal, is deur elke lid van die VSOD betaalbaar.

4.2 Verskillende lidmaatskapsfooië kan vir die verskillende kategorieë lidmaatskappe van die VSOD deur die Bestuur bepaal word.

4.3 Erelede van die VSOD betaal geen fooie nie.

## 5. JAARVERGADERING

5.1 'n Jaarlikse algemene ledevergadering, bekend as die Jaarvergadering geskied voor die einde van November van elke kalenderjaar.

5.2 Die Bestuur moet 21 (een-en-twintig) dae voor die plaasvind van die jaarvergadering 'n skriftelike kennisgewing aan elke lid stuur met vermelding van die tyd en plek asook agenda en stukke ter tafel waar die jaarvergadering sal plaasvind.

5.3 Die jaarvergadering van die VSOD is die hoogste besluitnemingsliggaam van die VSOD en

5.3.1 Bepaal die breë beleid van die VSOD;

5.3.2 Lê riglyne neer waarbinne die Bestuur moet optree; en

5.3.3 Verkies, behoudens die tersaaklike bepalinge van die Grondwet oor die Bestuur, die Bestuur vir 'n volgende termyn van maksimum drie jaar.

5.4 Tydens die jaarvergadering doen die Bestuur behoorlike skriftelike verslag oor die aktiwiteite van die VSOD en oor die finansiële stand van die VSOD.

5.5 Alle opbetaalde lede van die VSOD het sittingsreg en stemreg op die jaarvergadering of 'n spesiale vergadering. (Genote het ook sittingsreg maar nie stemreg nie.)

5.6 Indien nodig kan ledevergaderings ook op 'n elektroniese wyse geskied.

## 6. SPESIALE VERGADERING

'n Spesiale vergadering moet binne een maand deur die Bestuur vir 'n geskikte tyd en plek belê word indien

6.1 'n skriftelike versoek te dien effekte deur een derde van die opbetaalde lede by die Bestuur ingedien is; en

6.2 die rede vir die vergadering skriftelik uiteengesit word.

## **7. KWORUM**

7.1 'n Kworum van 'n jaarvergadering of spesiale vergadering bestaan respektiewelik uit minstens 5% opbetaalde lede van die VSOD.

7.2 Erelede en genote van die VSOD geniet sittingsreg maar het geen stemreg tydens 'n jaar- en spesiale vergadering nie.

## **8. BESTUUR**

8.1 Die Bestuur bestaan uit vyf lede bestaande uit 'n voorsitter, 'n ondervoorsitter, 'n sekretaris, 'n tesourier en een addisionele lid.

8.2 'n Lid moet ten minste een jaar 'n lid van die Vereniging wees om tot die Bestuur verkies te word.

8.3 Portefeuljes insluitende die van sekretaris en tesourier word so gou doenlik na die jaarvergadering, maar nie later nie as tydens die eerste bestuursvergadering, na oorleg in die Bestuur toegeken.

8.4 Drie lede van die Bestuur vorm 'n kworum vir bestuursvergaderings en minstens drie lede moet teenwoordig bly ten einde 'n behoorlike gekonstitueerde bestuursvergadering daar te stel. Bestuursvergaderings kan ook met elektroniese kommunikasie geskied.

8.5 Wanneer vakatures op die Bestuur ontstaan, kan die Bestuur die vakature vul deur 'n gepaste lid van die VSOD op die Bestuur te benoem en, indien nodig, 'n portefeulje toe te ken.

8.6 Die Bestuur het die bevoegdheid om na goeë dunnke enige verdere lede van die VSOD vir die duur van die ampstermyn of vir 'n korter tydperk op die Bestuur te koöpteer.

8.7 Die Bestuur vergader minstens tweemaandeliks en die verrigtinge van die vergadering word behoorlik genotuleer.

8.8 Die Bestuur funksioneer sover moontlik op die grondslag van eenstemmigheid, maar neem besluite per hoofdelike stemming indien eenstemmigheid nie bereik kan word nie. In die geval van 'n staking van stemme, oefen die voorsitter 'n beslissende stem uit.

8.9 Die Bestuur onderneem alle optrede wat na goeë dunnke van die Bestuur noodsaaklik en doeltreffend is om binne die raamwerk van die algemene werkswyse van die VSOD die doelstellings van die VSOD te bevorder.

8.10 Die Bestuur kan enige organisatoriese of dergelike reëling tref, met die inbegrip van die stigting van subkomitees, om die doelstellings van die VSOD ten beste te bevorder.

8.11 'n Lid van die VSOD wat na die oordeel van die Bestuur die bevordering van die doelstellings en die belange van die VSOD ernstig benadeel se lidmaatskap kan deur die Bestuur op grond van 'n tweede derde meerderheidstem beëindig word. Daar moet met behoorlike opgaaf van redes oor sodanige beëindiging by die eersvolgende jaarvergadering hieroor verslag gedoen word. (kyk 3.3).

8.12 Vir die doelstelling van die behoorlike funksionering van die VSOD moet die Bestuur 'n bankrekening of bankrekenings open en administreer en in die algemeen die geldelike aangeleenthede van die VSOD na behore bestuur.

## **9. WERKSWYSE**

9.1 Die VSOD benut alle paslike weë binne die raamwerk van die reg ter bevordering van sy doelstellings.

9.2 Die VSOD is verbind tot 'n demokratiese, opbouende en deursigtige openbare, eerbare handelswyse en bevorder die verwesenliking van sy doelstellings onder meer deur –

9.2 (i) die insameling van fondse vir Suid-Afrikaanse betrokkenheid by die RTS – Reformatorisch-Theologisches Seminar en

9.2 (ii) deur die bekendstelling van die RTS – Reformatorisch-Theologisches Seminar se werksaamhede in Suid-Afrika en elders indien nodig.

9.3 Die VSOD werf landswyd lede ten einde sorg te dra dat die doelstellings van die VSOD oral bevorder kan word. Lede kan ook buite Suid-Afrika gewerf word. Lede van die VSOD word aangemoedig om op individuele basis, waar nodig, in oorleg met die Bestuur die doelstellings van die VSOD te bevorder waar ook al die geleentheid en die noodsaak daarvoor opduik.

9.4 Die Bestuur kan ook informeel op 'n streeks- of distriks- of dergelike grondslag die VSOD organiseer.

## **10. REGSPERSOONLIKHEID**

10.1 Die VSOD, soos verteenwoordig deur die Bestuur, is 'n regspersoon en mag enige regshandeling binne die bevoegdheid van 'n regspersoon vervul.

10.2 Geen lid het enige eis teen die VSOD vir enige skade wat hy of sy mag ly weens 'n handeling of versuim aan die kant van die VSOD, of van die Bestuur nie.

## **11. VRYWARING**

Die lede van die Bestuur of enige subkomitee, substruktuur, persone in diens van die VSOD of gekontrakteerdes van die VSOD word gevrywaar teen alle verliese gely of onkoste deur hulle aangegaan in die uitvoering van hul pligte, behalwe waar sodanige verliese gely is of onkoste aangegaan is as gevolg van hul eie onderskeidelike opsetlike, gebrek aan of nalatige optrede of pligsversuim. 'n Eis sal egter slegs kan slaag, indien vooraf skriftelike toestemming deur die Bestuur daartoe verleen is.

## **12. WYSIGING VAN DIE GRONDWET**

Wysigings van die Grondwet is onderhewig aan die goedkeuring van minstens twee derdes van die teenwoordige lede tydens 'n behoorlike gekonstitueerde jaar- of spesiale vergadering.

## **13. ONTBINDING**

13.1 Die ontbinding van die VSOD is onderhewig aan die goedkeuring van ten minste twee derdes van die teenwoordige lede tydens 'n behoorlike gekonstitueerde spesiale vergadering.

13.2 Die fondse van die VSOD moet na ontbinding of likwidasie, na betaling van alle verpligtinge van die VSOD, aan 'n organisasie met soortgelyke doelstellings, oorgedra word.

## **14. DOMISILIE**

Die *domicilium citandi et executandi* van die VSOD onder meer vir die doel van die bestelling van enige kennisgewing is:

Die posadres van die VSOD is:  
Posbus 31527  
Totiusdal  
0134